Woensdag **18 September**

**Skrifgedeelte: Jeremia 17**

**Fokusgedeelte: Jeremia 17:17, 18 (AFR2020)**

**Verskrikking, vreesbevange, verpletter ...**

Die boek Jeremia is ’n besondere profeteboek. Jeremia, die onverskrokke man van die lewende Here is aan die woord. Die man met ’n boodskap. ’n Doodgewone mens wat teen ongeveer 650 vC in Anatot, ’n klein dorpie digby Jerusalem, gebore is. Net maar mens, maar tot profeet en dáárom tot ’n byna bomenslike opdrag geroep.

Jeremia, getrou aan sy roeping, stry teen die aanbidding van afgode, sosiale ongeregtigheid én sy mense se vals vertroue op Egipte en die tempel. Jeremia luister na die Here se stem en voorskrifte, maar die Here se volk nie ... En die Godsvolk se hardheid van hart en onverskilligheid van gemoed het Jeremia nie net as profeet nie, maar ook as mens ontstel. Die wisselvalligheid van ’n mens se hart en ook hoe hartseer ’n mens se hart kan wees, het Jeremia “siek” gemaak.

En Jeremia 17:17, 18 staan opgeskryf. Verskrikking, vreesbevange en verpletter as kernwoorde – tiperend van die menskind Jeremia se belewenis. Tog pak verskrikking hom beet. Hy is vreesbevange en voel verpletter. En Jeremia pleit om “genesing” van sy gemoed ...

- Moenie vir my ’n verskrikking wees nie, o Here!
- Moenie dat ek vreesbevange voel nie!
- Moet my nie verpletter nie!

Ook u profetestem as mens en die mense lag en spot? En ’n mens voel soos Jeremia. Verskrik, vreesbevange, verpletter. Maar tog om tot God te bid om genesing van ’n mens se gemoed. Om ons hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus te hoor sê:

*“In die wêreld ervaar jy (julle) swaarkry;*
*maar hou moed;*
*Ek het reeds die wêreld oorwin ...* (Joh. 16:33)

Jeremia se profetestem in sy binnekamer is die stem en taal van gebed. U kan by Jeremia leer. In dag en tyd om Christus wil te sê:

*“Here, gee dat ek my aan U sal toewy;*
*help my, soos U belowe het.*
*Laat loop my op die regte weg*
*en maak my lewend deur U reg ...* (Ps. 119-2:8)

Verskrik, vreesbevange, verpletter? Nee! Te roep, tot vreug herbore: Verlos en nie verlore!

*Sing: Psalm 119-1:25*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*